Problematiek van erfenisimpakassessering vanuit ’n geskiedkundige perspektief soos bevind na ’n ondersoek van Tokaipark se geskiedenis, 1792–1910

Kobus du Pisani en Berta van Rooyen

Kobus (J.A.) du Pisani en Berta van Rooyen, Vakgroep Geskiedenis,
Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Naudé (2000:38–57) het ’n opsomming gegee van die onderskeie deelnemers se betrokkenheid by erfenisimpakassessering soos vervat in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999. Dié skrywer onderskei tussen navorsingsterreine en spesialisasievelde en meen dat vir die waardebepaling van erfenispersele die argeoloë, antropoloë en argitektoniese geskiedkundiges moet terugstaan en plek maak vir geskiedkundiges, kultuurgeskiedkundiges en geskiedenisargeoloë, wat waardevoller insette kan lewer (Naudé 2000:53). In Suid-Afrika bestaan daar nie duidelike riglyne vir erfenisimpakassessering nie, aangesien die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) nog nie die beoogde handves, geskoei op die Burrahandves, die lig laat sien het nie. Vir staatsgeboue raadpleeg die Departement van Publieke Werke (DPW) wel die Burrahandves (Naudé 2000:51). Die Departement Omgewingsake en Ontwikkeling en Beplanning van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering (WKPR) het sy eie riglyne opgestel (Winter en Baumann 2005). Hierdie riglyne is in 2011/12 gebruik tydens ’n openbare deelnameproses oor die ontwikkeling van Tokaiwerf en -subwerwe, die kernarea van Tokaipark, wat in 2005 deel van die groter Tafelberg Nasionale Park (TNP) geword het (Bluegreen Planning en Genote 2012). Die geskiedkundige verslag het in hierdie geval meer vrae laat ontstaan as wat dit antwoorde verskaf het, veral oor die navorsingsmetodiek wat gebruik is. Na ’n omvattende geskiedkundige studie van Tokaipark het ons in ooreenstemming met Naudé se siening bevind dat ’n geskiedenisverslag gebaseer op die metodiek van geskiedskrywing ’n beter grondslag vir erfenisimpakassessering sal lê. Dit wil voorkom of min geskiedkundiges in erfenisimpakassessering belangstel. Dit stel bewaringsterreine bloot aan die verlies van ’n geskiedenisgeheue. Is hedendaagse geskiedkundiges besig om hul verantwoordelikheid in hierdie opsig te versaak?

Trefwoorde: erfenishulpbronassessering; erfenisspesialiste; geskiedskrywing; primêre navorsing; Tokaipark; verslagskrywing; Wet op Nasionale Erfenishulpbronne

Abstract

Deficiencies of heritage impact assessment viewed from a historical perspective as revealed by a study of the history of Tokai Park, 1792–1910

Without accurate historical evidence, gleaned from meticulous research, it is not possible to manage and conserve a heritage place optimally. The Burra Charter, widely used as a guideline for conservation management, emphasises that heritage conservation at a heritage place starts with a thorough understanding of the meaning and significance of the place. The document states that "conservation should make use of all the knowledge, skills and disciplines which can contribute to the study and care of the place". Best practice for conservation management should flow from proper multidisciplinary research, with historical research as an indispensable component. Specialists in other fields have not received the appropriate training to take over the work of qualified historians.

The current South African heritage conservation regime, based on the National Heritage Resources Act (NHRA) of 1999, is in agreement that the identification, assessment and management of national cultural heritage resources should involve accurate research, documentation and recordkeeping. Vigorous historical research, taking the cultural values of all stakeholders into account, is the logical point of departure for successful conservation management (see section 5.7 of the NHRA).

Extensive primary research by Berta van Rooyen in the Western Cape Provincial Archives (WCPA) for a PhD in history on Tokai Park revealed that recent heritage impact assessment documents lack a strong historical research base and, as a result, contain inaccuracies which have led to erroneous interpretations and recommendations. Baseline studies for impact assessments show methodological shortcomings. They focus on visual heritage; they lack primary archival research and proper source references. They ignore unpublished dissertations and sources in Afrikaans or Dutch, e.g. the important studies by Sleigh and Appel. One document after the other reproduces the same information from the same outdated secondary sources, without questioning their veracity. These overused secondary sources focus on architectural history and mainly on the style, architects and owners of buildings. This results in the omission of important historical and cultural markers in reports. Because of inadequate research, important historical facts have been overlooked.

It seems that because architects play a leading role in Western Cape heritage management, and because they rely heavily on books dealing with architectural heritage, the focus of current conservation management planning is on buildings, and other heritage markers are hardly taken into account. In the case of Tokai the main focus is on the "manor house", which is indeed the main building of the farmstead, but not a genuine manor. Before 1883 the farmhouse was part of a typical Cape Dutch farmstead. When Georgina Bain married the plantation superintendent, J.S. Lister, in 1885 and moved into the house, she called it a manor. Because the main house takes centre stage, the surrounding area (former crown land of the Tokai estate) does not receive enough attention. The conclusion about Cape Dutch houses that gables serve only as symbols of European power and domination is inaccurate and one-sided and based on incomplete historical data. The other buildings that receive attention in the assessment process are those at the Porter School. The conservation of these buildings from the British colonial period are emphasised at the expense of the precolonial and Dutch colonial periods.

Van Rooyen's research exposes many errors and gaps in the heritage assessment baseline studies used for the 2012 development plan of the Tokai farmstead, precinct and sub-precinct. These include:

- Erroneous identification of supposedly significant heritage markers, e.g. oak trees (Simon van der Stel never planted oak trees at Tokai as stated in assessment documents) and horses (mules were used at Tokai up to 1983 and the farm was not used for horse breeding).
- Neglecting the heritage of wood supply (the major land use activity in the Dutch period up to the 1790s) and agriculture (the major form of land use on the farm between 1792 and 1883), which removes many layers of the rich history of Tokai and may be detrimental to the ideal of the conservation of the fynbos.
- The description of Buffelskraal as a sheepfold, whereas it was used for wood-cutting in the Dutch period.
- Wrong assumptions about the built heritage (it is doubtful whether the facade of the Tokai farmhouse was designed by Thibault; and the fish pond, an important design element before 1883, is not even mentioned).
- Scant attention to the history at Tokai of the Khoina, slaves and labourers. The impression is created that cursory references to people of colour are made only for the sake of political correctness.
- The original Dutch names of geographical features (as shown on 18th- and 19th-century maps) are not used correctly, are not used at all or have been replaced by English names.
- Certain people associated with Tokai, including Simon van der Stel, L.M. Thibault, William Porter and J.S. Lister, receive much attention, whereas individuals who had even stronger links with the place, e.g. Count Meredith de Regné de Vasselot and Sir David Ernest Hutchins, are hardly mentioned.
- The heritage of the Eksteens, the Dutch-Afrikaans farm owners in the 19th century, is marginalised, and when reference is made to them they are usually depicted as bankrupt farmers and drunks, while archival material shows that in reality they were relatively successful farmers.

These errors and gaps imply that the research for the Tokai assessment process falls short of the requirements contained in section 5.7 of the NHRA.

Another recent example where historical data was ignored because it was regarded as standing in the way of development was the way in which the application with regard to the Melck store in the Cape Town CBD was dealt with. The downgrading of the building's heritage status shows disregard for the role of the Dutch and German inhabitants in the history of the city.

We argue that the Tokai Park case study brings to light a general trend that professional historians, who are qualified to make valuable contributions, are more often than not excluded from heritage impact assessments in the Western Cape. The relevant authorities (South African Heritage Resources Agency, Heritage Western Cape and the Department of Environmental Affairs and Development Planning of the Western Cape Provincial Government) do not require the inclusion of historians in the environmental impact assessment process. The membership list of the Association for Professional Heritage Practitioners reveals that the field of heritage studies in the Western Cape is dominated by

architects and archaeologists. As a result, in the process of planning for the development of the Tokai farmstead as part of the Table Mountain National Park (TMNP), trained historians were conspicuously absent. The lack of source criticism and archival research had the effect of lowering the general quality of the baseline studies for the Tokai impact assessments and development planning.

We are convinced, after comprehensive historical research dealing with Tokai, that although it is impracticable to demand a full-blown academic study for each heritage impact assessment, the assessment process should at least partially be based on research by historians using tested historical methods. Unfortunately historians are partly to blame for the current unsatisfactory situation, because the majority of them seem less than enthusiastic about participation in heritage impact assessment and prefer to dodge their responsibility in this regard. The result is that heritage places are in danger of losing their historical memory.

In the light of the findings of the study we recommend that heritage authorities should provide stronger guidance on the inclusion of historians in heritage impact assessment in order to ensure that they make inputs based on thorough research, even if it is on an ad hoc basis. Furthermore we recommend the strengthening of the accreditation process of historians as heritage practitioners following the Australian example. Currently the South African Society for Cultural Historians has an accreditation programme in place, but as yet not the other professional bodies for historians, the Southern African Historical Society and the Historical Association of South Africa.

We call on historians to become involved in heritage impact assessment on a regular basis, which will help to raise the academic standard of the assessment process and enhance informed decision-making in heritage management and conservation.

Keywords: heritage impact assessment; heritage resources; heritage specialists; historians; historiography; National Heritage Resources Act; South Africa; Tokai Park; Western Cape

1. Inleiding

Sonder korrekte geskiedenisfeite, gebaseer op deeglike navorsing, kan ’n erfenisterrein nie optimaal bestuur en bewaar word nie. In die Burrahandves,[1] wat wyd aanvaar word as ’n toonaangewende internasionale riglyn vir erfenisbewaring, word benadruk dat die eerste fase van die bestuur en bewaring van ’n erfenisplek behels dat die betekenis van die plek grondig verstaan moet word. In artikel 4 van die handves word dit uitdruklik gestel: "Conservation should make use of all the knowledge, skills and disciplines which can contribute to the study and care of the place" (Australia ICOMOS 2013:3). Deeglike multidissiplinêre navorsing word dus as die beste praktyk vir erfenisbestuur en -bewaring voorgehou.

Die huidige Suid-Afrikaanse bestel vir kultuurerfenisbewaring, wat in die 1990's ontwerp is en sterk gesteun het op die voorbeeld van die Australiese model, volg ’n soortgelyke benadering. Artikel 5.7(f) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne bepaal dat die identifikasie, assessering en bestuur van nasionale kultuurerfenishulpbronne ten volle nagevors, gedokumenteer en opgeteken moet word. By implikasie onderskryf hierdie artikel die belang van deurtastende navorsing, met geskiedkundige navorsing as vereiste vertrekpunt,

vir die bewaring van die Suid-Afrikaanse kultuurerfenis. Hierdie navorsing moet volgens subartikels (a) en (e) van artikel 5.7 alle toepaslike kulturele waardes van belanghebbers en die belange van die huidige en toekomstige geslagte in ag neem (RSA 1999:16).

Doktorale navorsing oor die geskiedenis van Tokaipark (Van Rooyen 2015) en waarvoor uitgebreide primêre navorsing in die Wes-Kaapse Provinsiale Argiefbewaarplek (WKPA) gedoen is, het onthul dat erfenisimpakassesseringsdokumentasie oor die gebied mank gaan aan geskiedenisnavorsing en gevolglik onakkurate inligting bevat wat tot foutiewe vertolkings en aanbevelings lei. Ons argumenteer in hierdie artikel dat die Tokaipark-gevallestudie daarop dui dat opgeleide historici nie genoegsaam betrek word by navorsing met die oog op erfenisimpakassessering in die Wes-Kaap nie.

Figuur 1. Gebrekkige geskiedkundige kennis weens onvoldoende navorsing het tot gevalle van foutiewe naamgewing in die Tokai-omgewing gelei. Op die foto word 'n geografiese pleknaam op verskillende wyses gespel, waarvan nie een geskiedkundig korrek is nie.[2]

2. Tokaiwerf: ontwikkelingsplan gebaseer op onvolledige geskiedkundige gegewens

Volgens die drievlakstelsel beskryf in artikel 8 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne is SAEHA verantwoordelik vir die verklaring en bestuur van Graad I-erfenishulpbronne, die provinsiale erfenishulpbronowerhede vir Graad II-erfenishulpbronne, en plaaslike owerhede vir Graad III-erfenishulpbronne (RSA 1999:18, 20). Daarvolgens ressorteer die

erfenishulpbronne van Tokaipark oorwegend op provinsiale vlak onder Erfenis Wes-Kaap (EWK), behalwe die Porterskool,[3] wat deur lede van die erfenisagentskappe in 2011/12 as ’n nasionale erfenishulpbron aangedui is (Thorold Architects 2011:3, 18; Bluegreen Planning en Genote 2011). Die EWK het die besluitnemingsfunksie en SAEHA die endossering vir die 2012-ontwikkelingsplan van Tokaiwerf uitgeoefen (Bluegreen Planning en Genote 2012:6; Winter en Baumann 2005:12).

’n Geskiedenisverslag vir die ontwikkelingsplan van 2012, saamgevat in die voorlopige en finale basisverslae van November 2011, is deur die konsultant, ’n argitek, opgestel (Thorold Architects 2011:1–20; Bluegreen Planning en Genote 2011:15–52). Hierdie verslag toon ernstige gebreke. Die groter geskiedkundige verslag, vervat in verskeie primêre en ander bronne en verwerk in Van Rooyen (2015) se doktorale studie, is veel meer omvattend as dit wat in die ontwikkelingsplan ingesluit is. Verskeie kwessies rakende die navorsingsmetodiek vir die basisverslae kan bevraagteken word. Dit sluit in ’n beperkte vraagstelling aan die verlede gefokus op sigbare erfenis, die afwesigheid van ’n bronnestudie, die formaat van die verslag, en die afwesigheid van primêre navorsing en van behoorlike verwysings in plaas van slegs bronnelyste. Die gevolg is dat die integriteit van die betrokkenes, moontlik onnodig, onder verdenking kom.

Ons kritiek teen die gebruik van sekondêre bronne in die basisverslae fokus op die gereelde oorskrywery uit dieselfde publikasies oor die groter Constantiavallei, met as tema die Constantiaplase, hul eienaars en die argitektuur van die wonings, sonder dat primêre navorsing gedoen is. In werklikheid dateer die argitektoniese geskiedenis van Afrikaans-Hollandse wonings terug na die poging om die twee blanke taalgroepe na die Tweede Anglo-Boereoorlog te herenig. Die Kaaps-Hollandse argitektuur is gesien as ’n simbool van ’n gedeelde historiese verlede (Coetzer 2007:150–1). In die lig hiervan publiseer Dorothea Fairbridge, skrywer en bekende persoonlikheid van haar tyd, in 1922 *Historic Houses of South Africa*. Hierdie verouderde bron word steeds deur erfenispraktisyns gelys, sonder enige kritiese bespreking. Argitektoniese geskiedskrywing van ten minste Tokai behoort hersien te word, vermoedelik ook vir ander wonings en hul eienaars. Wat ook kommer wek, is die weglating van ongepubliseerde proefskrifte en verhandelings oor die VOC-era, asook van verwysings na sosio-ekonomiese kwessies soos arbeiders en landboupraktyk. Afrikaanse bronne kom ook nie voor in die bronnelys nie. Die gevolg is die onbewustelike weglating van geskiedkundige en kulturele merkers waarvan ook die verslag as 't ware geslote raak. Selfs indien die erfenisagentskappe die basisverslae sou verwys na ’n kundige wat moontlik nie op die hoogte van ’n spesifieke area se geskiedenis is nie, bestaan die gevaar om erfenis te misken.

Hierdie gebreke kan reggestel word deur geskiedkundiges by erfenisimpakassessering te betrek ten einde meer geloofwaardigheid aan die basisverslag te verleen. Persone wat opgelei is in die metodiek van geskiedskrywing en met ’n veronderstelde kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis behoort hulle gemakliker, dalk vinniger, maar ook deegliker te verantwoord in die toepassing van artikel 5.7 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. Die basisverslag behoort sodoende meer vertroue in te boesem, wat weer kan lei tot ’n beter verstandhouding tussen die publiek, eienaar, ontwikkelaar en erfenisagentskappe. So ’n deeglike basisverslag kan die werk van die erfenisspesialis vergemaklik. Naudé (2000) stel dit duidelik dat die geskiedkundige nie die werk van ander spesialisgroepe kan doen nie. Eweneens kan spesialiste op ander terreine nie die werk van die opgeleide geskiedkundige doen nie.



Figuur 2. Geskiedkundige skilderye, sketse en foto's bevat visuele inligting wat waardevol vir erfenisbewaring is. Hierdie skets van die Tokaiwoning dateer na raming uit die middel van die 19de eeu. Georgina Lister het die Kaaps-Hollandse plaashuis in die 1880's verkeerdelik 'n herehuis (*manor*) genoem. Die woning is wel die belangrikste erfenishulpbron op die Tokaiwerf, maar in erfenisimpakassesseringsdokumente is oormatige klem, ten koste van ander soorte erfenis op die werf, daarop gelê. Dit illustreer die oorheersende posisie van argitektoniese erfenis in Wes-Kaapse erfeniskringe.[4]

3. Tokaipark: Problematiek rondom die herkenning van erfenismerkers

Ter illustrasie van die problematiek rondom erfenisimpakassessering, waaroor hierdie artikel handel, word enkele van die bevraagtekende erfenismerkers vir Tokaipark, wat deurslaggewend in die 2012-ontwikkelingsplan was, uitgelig.

Jan van Riebeeck sou, volgens die 2012-dokument, in 1658 die plakkaat teen die afkap van geelhoutbome uitgevaardig het na aanleiding van geelhoutbosse op Tokai (Mauve s.j.:9). Dit suggereer die oopstelling en besetting van die gebied. Die gebied was egter buite die eerste grens van 1660 en houtontginning was in 1662 nog beperk tot agter die Wynbergheuwel, 'n entjie vanaf die latere Tokai (Thom 1959:196; Appel 1966:53–4; Sleigh 2004:158, 171–4).

Die eikeboom word in 2012 as gebiedend belangrik gereken: "The oak tree planting within the Prinskasteel riparian is of greater importance than a short section of stream course that is already in a degraded condition, due to the high cultural value of the Oak tree planting" (Bluegreen Planning en Genote 2012:38). Die waarde wat aan die eikeboom geheg word,

word gegrond op Simon van der Stel se sogenaamde aanplanting van 4 379 eikebome voor 1695 op Tokai (Mauve s.j.:9). Daardie eikebome is in werklikheid op die Steenberge agter Constantia aangeplant (Boëseken 1964:153–4). Dit het later so ’n boskasie geraak dat die Constantiaplaas nie meer sigbaar was nie en is in 1779/80 deur Hendrik Cloete die Oue uitgekap (Schutte 1982:112, 331). Voorts is die eikeboom reeds voor 1885 as ’n genaturaliseerde boom aan die Kaap beskou (WKPA 1885:11).

Die perd word in 2012 as ’n kulturele en historiese merker "met diep wortels op Tokai" beskou (Bluegreen Planning en Genote 2012:16). Die teendeel is waar. Muile is tot 1983 op Tokaiplantasie gebruik (Aikman, Malan en Winter 2001:51). Die plaas was nooit ’n perdeteelplaas nie, maar ’n wynplaas, ca. 1795–1983 (*Cape Argus* 1883).

Die woning word as ’n Thibault-ontwerp gereken, ontwerp op die sogenaamde sentrale-as-model van wes na oos (Winter en Baumann 2005:11, 23, 24, 26; Bluegreen Planning en Genote 2011:31). Argivale bronne dui egter nie daarop dat Thibault die vooraansig ontwerp het nie. Die wapad was noord na suid en die woning het inderdaad noord (op die wapad) gefront (Hamilton 1800). Mettertyd is die frontaansig ooswaarts verander en het die vooraansig verby die aktiewe voorwerf op ’n promenade, ineenvloeiende leivore en ’n langwerpige visdam gefront. Die visdam is in 1883 in opdrag van Departement Publieke Werke (DPW) opgedroog sodat ’n verbindingspad na Retreatstasie gebou kon word (WKPA 1883a; WKPA 1883c). Hierdie oorsigfout weens ’n gebrek aan diepgaande geskiedenisnavorsing het daartoe gelei dat die subwerf met perdekampe beplan is. Gevolglik is die visdammotief, wat nog nie ontgin is nie, verder in die vergetelheid teruggedwing.

Ander historiese en kulturele merkers wat uitgesluit is, is onder meer

- ’n bevestiging of weerlegging van Khoinakrale in die gebied
- naamgewing (byvoorbeeld die vervanging van oorspronklike VOC-name met Engelse name)
- grond- en houtbenutting tydens die VOC-era
- burgermagte se verblyf op die grond in 1795 tydens die beleg van Muizenberg
- alle tipes landbou-aktiwiteite vir die periode 1792–1883
- die stryd om bosbou sedert 1883 op Tokai te vestig en die invloed op die omgewing
- die menslike betrokkenheid by besluitneming oor arbeid
- geskiedenismerkers van die Bosboukollege en -opleidingskool, 1906–1931
- die kwekery − dit was juis die behoefte aan geskikte kwekerygrond wat Tokai begunstig het (WKPA 1883b).



Figuur 3. Hierdie kaart van 1883 word algemeen aanvaar as ’n ware weergawe van die plaas toe die koloniale regering die plaas gekoop het. Dit was op ’n tydstip toe die fase van byna ’n eeu beëindig is waartydens die grond as ’n wynplaas vir landboukundige doeleindes deur die Eksteenfamilie benut is. Navorsing toon egter dat dit die Bosboukaart van September 1883 is en dat daar reeds veranderinge op die werf van die Eksteenfamilie aangebring was. Waar ’n geskiedkundige kaart as ’n enkele en onverwante bron gebruik word, verdwyn belangrike erfenismerkers, op Tokai uit onder meer die VOC-era en die landboufase (1802–1883) asook erfenismerkers wat reeds deur ontwikkeling verwyder is.[5]

Voorts is die vernaamste VOC-aktiwiteit, grond- en houtreservering, asook gepaardgaande houtveldbestuur te Buffelskraal, wat direk aansluit by die moderne verbruik van die fynbosbewaringsprogram, skandelik negeer (Van Rooyen 2015:81–2). Die aanplanting van uitheemse bome sedert 1884 kontrasteer dramaties met die natuurlike omgewing soos deur die VOC bewaar en benut, asook die Wêrelderfenisstatus van die Kaapse blommeryk in die TNP, waarvan Tokaipark ’n gedeelte uitmaak (McIntosh 2006:11; Sanparke 2009).

In die geval van die voorgestelde ontwikkelingsplan vir Tokaipark is belangrike geskiedenisfeite dus oor die hoof gesien, omdat die opstellers nie daarvan kennis gedra het nie en nie omvattende navorsing daaroor gedoen het nie. Die weglating van die gebeure uit die verlede is nie willekeurig nie. Dit gaan oor ’n benadering wat verkies om voorafbeplande uitkomste te begunstig eerder as om van ’n omvattende vraagstelling aan die verlede gebruik te maak. Trouens, die riglyndokument vir erfenisspesialiste waarsku dat oorsigfoute gemaak kan word waar die belangegroepe óf oningelig is óf nie werklike belang by die ontwikkeling het nie (Winter en Baumann 2005:19).

Sekondêre publikasies, wat dikwels nie die produk van diepgaande navorsing is nie, maar wat gerieflik beskikbaar is vir erfenisspesialiste om die "desktop research" van ’n erfenisimpakassessering af te handel, bevat ’n voorkeurkeuse van erfenis by ’n gegewe terrein. Indien verdere navorsing nie oor minder bekende aspekte van erfenis by daardie terrein onderneem word nie, word die voorkeur en die onvolledige inligting in die sekondêre publikasies uiteindelik rigtinggewend in die bewaringsbestuur van die terrein. In die gevallestudie van Tokaipark blyk die vraagstelling aan die verlede beperk te wees tot die nuuskierigheid van die skrywers van ’n aantal sekondêre publikasies. Van wat buite hierdie bronne se raamwerk val, dra nóg die skrywer nóg die erfenisspesialis kennis, veral as die inhoud van die bron ooreenstemming toon met tans sigbare erfenis soos strukture, paaie en die landskap.

Finansiële oorwegings speel ook ’n rol – soms ’n oorheersende rol – in erfenisimpakassessering. Die erfenisspesialis werk dikwels in genootskap met die ontwikkelaars, wat finansiële voordeel uit die kontrak trek.

Enige ontwikkeling word volgens die voorskrifte in die riglyne vir omgewingsimpakassessering goedgekeur slegs indien dit nie strukture met sterk geskiedkundige waarde benadeel nie. Die riglyndokument vir erfenisimpakassessering verwys na die "aard en graad van betekenis/sensitiwiteit" wat in ’n wederkerige betrekking staan tot verskillende soorte ontwikkelingstipes. Die benadering word afgerond met ’n verhoudingstabel wat die ontwikkelingsensitiwiteit op die erfenisimpaktering beoordeel (Winter en Baumann 2005:20–8). In die praktyk kan die erfenisspesialis se nakoming van die riglyne dus op sigself die doel van die ondersoek word, sonder dat die inhoud van sekondêre bronne bevraagteken word.

Dit blyk in Tokaipark se geval uit die beskrywing van Buffelskraal as ’n veepos (Thorold Architects 2011:5), terwyl dit slegs vir ’n kort periode (1676–1682) ’n skaappos, Aan de Steenberg, was (Sleigh 2004:171–4). Buffelskraal was ’n bekende gereserveerde houtveld, waar onder meer kreupelbos en silwerbome deur die VOC gekap is (Sleigh 2004:182; Appel 1966:65, 72). Die veeposaanname is heel moontlik gegrond op die woord "kraal". Omdat daar geen oorblyfsel van die sogenaamde kraal is nie, is die geskiedkundige waarde laag en laat dit die ruimte vir ontwikkeling wat terselfdertyd laag in sensitiwiteit vir die erfenisimpaktering sal wees. Inderwaarheid dui twee VOC-kaarte van onderskeidelik 1788 en 1795 die posisie van ’n klein struktuur met ’n kampie van ongeveer dieselfde grootte aan op die oewer van die Buffelsvlei (Brommer 2009:163, 192). Na alle waarskynlikheid is die hut en kraal gebruik om houtkappers, en moontlik slawe, asook die vee te huisves wanneer daar op die houtveld gewerk is. Die Tokaigebied se weidingspotensiaal was, soos die groter vallei, uiters gering (Van Rooyen 2015:48–9).

Die WKPR se riglyndokument beskerm die proses van erfenisimpakassessering, maar met die voorveronderstelling dat die verlede voldoende ontsluit is (Winter en Baumann 2005:13, 23, 26). By Tokaipark is die fokus inderdaad op ontwikkelingsuitkomste soos die plaaswerf, geboue, belangrike persone en sosiale kwessies soos die Porterskool (Bluegreen Planning en Genote 2011:31). Die noodwendige gevolg is dat erfenisspesialiste hulle tot die uitkomste laat beperk. Erfenismerkers wat buite dié paradigma val, word nie ontsluit of in berekening gebring vir die ontwikkeling van persele nie. Sodoende word alle verslae min of meer aan dieselfde erfenismerkers gemeet. Die verontagsaming van die VOC se houtbeleid as ’n geskiedenisbelang sny ’n laag van Tokaipark se verlede uit wat die grond direk met die

voorkoloniale periode verbind. Die gevolg is dat die belangrike raakpunt met die moderne doelwit van die park, fynbosbewaring, verlore raak. Dit blyk voorts moeilik om die plaaslike erfenisagentskappe te oortuig dat die huidige model van uitkomsgerigte erfenismerkers die gevaar loop om die geskiedenis te verskraal. Hierdie gevaar blyk uit ’n ander gevallestudie, naamlik die afgradering van die Melck-skuur in Kaapstad ten einde die beplande ontwikkeling goed te keur (Colyn 2015).

Die beginsels vir bronkritiek is nie-afdwingbaar en argiefnavorsing is nie ’n voorvereiste vir die voorlegging van ’n geskiedenisverslag nie, aldus die WKPR se riglyne (Winter en Baumann 2005:15). Hierdie toegewing het verreikende gevolge vir die werfbeplanning en ontwikkeling van die werf onderkant die Tokai-opstal (Thorold Architects 2011:18). Die gevolg is dat die erfenis van die Porterskool en sy geboue oorbeklemtoon word ten koste van die voorkoloniale era, die plaaswerfuitleg met leivore en twee visdamme en bosbou se opleidingsnalatenskap.

Aansluitend by die afwesigheid van bronkritiek in die voorbeeld van Tokaipark is die oormatige gebruik van dieselfde publikasies ten opsigte van argitektoniese geskiedenis. ’n Ondersoek na publikasies oor die Kaaps-Hollandse boustyl rakende die groter Constantiavallei toon voortgesette herhaling van gegewens. Indien dieselfde bronne telkens klakkeloos nagevolg word, bly Tokai se gronduitreiking en samestelling onvolledig en sonder verwysings. Gunstelingpublikasies is *Old Cape Colony. a chronicle of her men and houses from 1652 to 1806* deur A.F. Trotter (1903), *Historic houses of South Africa* van Fairbridge, *Cape Dutch houses and farms. Their architecture and history together with a note on the role of Cecil John Rhodes in their preservation* deur C. de Bosdari (1964), *The great houses of Constantia* deur P. Dane (1981), *The old houses of the Cape. A survey of the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope* deur H. Fransen en M.A. Cook, algehele hersiening van die 1969-publikasie (1981), en *Cape Dutch houses and other old time favourites* deur P.B. Simons (2000). Die 2011/12-bestuursplanne verwys na bykans al hierdie bronne (Thorold Architects 2011:20).

In navolging van Trotter is die geskiedenisgedeelte in al hierdie publikasies beperk tot die styl en die eienaarbouer of argitek. Gevolglik is die omliggende kroongrond van die Tokailandgoed geheel en al misgekyk. Wetgewing oor verskillende tipes gronduitgifte, teen brand, waterafloop, kroongrond en houtbewaring asook landboupraktyk, houtverkope en sosiale kwessies soos arbeid is maar enkele merkers wat plaasgrond aangrensend aan kroongrond kompliseer. Die aanwending van slawearbeid sedert die eerste VOC-betrokkenheid en dwangarbeid tydens die bosbou-era behoort juis die intrinsieke waarde van die grond en die Orpenkompleks as slawelosie en gevangenis vir dwangarbeiders te verhoog. Desnieteenstaande is die gebou, met die oorspronklike struktuur nog in die volksboustyl gebou, as ’n Graad IIIA herklassifiseer (Thorold Architects 2011:18). Die woning was voorheen ’n Graad II-erfenis.

Bronnestudie bevraagteken klakkelose oorskrywery en dit lei tot nuwe vrae. Die posisie van die oorspronklike Buffelskraal, naby die fontein langs die voormalige Buffelsvlei (Brommer 2009:192; Sleigh 2004:171–3, 182; TANAP 1791:160–213, 341–405), kon akkuraat vasgestel gewees het indien wyer as argitektoniese geskiedenis gelees was. Geografiese plekname soos Buffelsvlei of -vallei en Prince Kasteel as berg- en kroongrondnaam het in onbruik geraak (Van Rooyen 2015:40–5). Thorold Architects (2011:16) gebruik wel die name Buffelskraal en Porterlandgoed, maar as uitruilbaar vir Tokai, wat histories onjuis is.

Die grootste gevaar lê in die vanselfsprekende aanname dat die inhoud van geraadpleegde bronne se geskiedenis juis en voldoende ontsluit is om erfenis te assesseer. Die gevolg is onder meer dat ’n oormatige aandeel aan sekere figure uit die verlede, soos Simon van der Stel, L.M. Thibault, William Porter en J.S. Lister, toegeskryf word (Thorold Architects 2011:16). Daarteenoor word individue soos graaf Meredith de Regné de Vasselot en sir David Ernest Hutchins, wat dieselfde, of straks ’n sterker, verbintenis met Tokai se bosbouverlede het, heeltemal verontagsaam (Van Rooyen 2015:332–6).

In die praktyk dra die Tokaiplaaswoning baie gewig. Dit is inderdaad die kerngebou van die terrein, maar behoort nie die erfenisimpakassessering te oorheers nie. Die sogenaamde *manor* is in 1961 as ’n losstaande nasionale gedenkwaardigheid, met slegs die argeologiese voetspoor van die wynkelder en die jongenshuis, verklaar (DRDL 1961). Die buitegeboue aan die voorkant is nie ingesluit nie. Tot dusver is die woning nog nie onder die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne as ’n erfenishulpbron herklassifiseer nie en het dit tans ’n voorlopige Graad II-klassifikasie (Bluegreen Planning en Genote 2011:31). Die herehuisherbenoeming, met ander woorde die benaming as "manor", se oorsprong word herlei na Georgina, dogter van Thomas Bain. Sy het in 1885 met J.S. Lister, die superintendent van plantasies van die Westelike Bewaringsarea, getrou en die Tokaiwoning betrek. Sy het die plaaswoning ’n "manor" of herehuis genoem (Lister 1960:82), ondanks die feit dat dit deel van die opstal of tradisionele Kaaps-Hollandse plaaswerf vorm. Hiermee het die plaaswoning wel ’n erfenismerker, hoewel onvanpas, bygekry. Ongelukkig is terselfdertyd die kulturele en geskiedenismerkers van die woning as Hollands-Afrikaanse nalatenskap totaal vernietig.

Indien die inventarisse van P.M. Eksteen (senior) (WKPA 1849; WKPA 1850) en die laaste mede-eienaars, Isabella Eksteen en haar swaer, Jacob Pieter Eksteen, se vendusie-advertensie (*Volksblad* 1883), asook tendervereistes van die DPW om die oes te herwin (*Cape Argus* 1883; WKPA 1883d), ingereken sou word, sou die oorwegend tradisionele plaasopstal, boerdery en implemente onmiskenbaar die aanspraak op herehuisstatus weerlê.

P.M. Eksteen was die enigste bankrot eienaar, maar hy was ook verantwoordelik vir die frontale verandering aan die woning (Van Rooyen 2015:210–2). Dane (1981:117–9) se aanname is dat al die eienaars bankrot gespeel het. So stel Dane, soos Barnard, haar bloot aan vooroordeel jeens die ingesete Hollanders. Barnard beskryf P.M. Eksteen, seun van H.O. Eksteen van Bergvliet en Hester Anna, kleindogter van Hendrik Cloete (die Oue), se huweliksfees soos volg: "[T]ho I was very glad that for once I had seen a scene which is usually in every Dutch family at the Cape on a wedding – which certainly is one of the most licentious of meetings as it is conducted here – where decencys & delicacys are lost in want of principles & morals which pervades all ranks of personages" (Lenta en Le Cordeur 1999:281).

Bestaande bronne van Engelssprekende skrywers slaan weinig ag op die Hollands-Afrikaanse eienaars, behalwe ’n vertelling van ’n besope Eksteen-persoon wat tydens ’n drinkparty met perd en al van die trappe afgeval het. Beide perd en ruiter is dood (Fairbridge 1922:87; Lister 1960:83). Dit word Tokai se spookstorie en naas bankrotboedels die enigste merkers van die Hollands-Afrikaanse boere. Die stryd van wynboere in die 19de eeu, wat breedvoerig deur Van Zyl (1973) bespreek word, asook die verslae van die wynproewer in die Wes-Kaapse Argiefbewaarplek (WKPA 1811–1823), skets ’n oorlewingstryd van boere wat ’n totaal nuwe insig gee. Die herehuis-benoeming is in wese onvanpas.

Figuur 4. ’n Kaart van Tokaiwerf in 1885, kort nadat die fase begin het waarin die grond weer vir bosboudoeleindes gebruik is. Deeglike bestudering van en vergelyking tussen geskiedkundige kaarte uit verskillende tydperke verskaf andersins onverkrygbare inligting oor verskillende soorte erfenis op die terrein.[6]

Vir Tokaipark as ’n bewaringsgebied is agrariese ontwikkeling en die omgewingsimpak van landbou en bosbou op die grond juis van belang. Dit word egter in die sekondêre publikasies verontagsaam. Dit bewys dat die omvang van die vrae aan die verlede veel meer behels as ’n blote opteken of oorskrywing van die geskiedenis uit bestaande bronne. ’n Omvattende benadering tot die sosio-ekonomiese en kulturele geskiedenis naas die sigbare erfenis op ’n plaaswerf gee ’n beter perspektief om ’n balans te vind tussen potensiële bewaring van die sigbare en niesigbare erfenis saam met eietydse ontwikkeling wat onbekende erfenis op ’n perseel as 't ware begrawe. Trouens, die begrensing of afbakening vir die daarstelling van ’n omvattende geskiedenisverslag lê in die toepassing van artikel 5.7(a–f) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. Tans geniet 5.7(d) voorrang, naamlik die bydrae van die erfenis tot sosiale en ekonomiese ontwikkeling. Daarteenoor het die implementering van die ander subartikels, naamlik die tersaaklike kulturele waardes en inheemse kennis, die minste moontlike verlies van die ingerekende kulturele erfenis, die gebruik en toeganklikheid met inagneming van die besonderse aard van die erfenis en die bewaring vir die huidige en toekomende geslagte in die ontwikkelingsplan vir Tokaipark onopsigtelik geraak. Gevolglik het van die volledige navorsing, optekening en dokumentering van die geskiedenis, wat deur artikel 5.7(f) vir die assessering en bestuur van kultuurerfenishulpbronne vereis word, weinig tereggekom.

Waarom is daar in die geval van Tokaipark so ’n wanbalans in die vertolking van artikel 5.7(a–f)?

Die antwoord is meervoudig. Navorsing, en in die besonder primêre navorsing van argivale bronne, is gespesialiseerd, tydrowend en duur. Ongepubliseerde akademiese navorsing is meesal net op katalogi van universiteitsbiblioteke en fisies buite die bereik van erfenispraktisyns wat nie aan ’n universiteit verbonde is nie. Eksterne navorsers moet lidmaatskap van universiteitsbiblioteke aankoop. Die WKPA in Kaapstad beskik nie oor alle verhandelings en proefskrifte wat op argivale dokumente gebaseer is nie. Voorts behels argiefnavorsing oor Tokai ’n leesvermoë en begrip van Nederlands, asook vroeë Afrikaans en ou Engels. Afrikaanse publikasies word dikwels nie deur Engelssprekende erfenispraktisyns, wat nie die taal verstaan nie, gebruik nie. Vryskutargiefnavorsing is duur en nie altyd gespesialiseerd nie. Prakties gesproke kom erfenisspesialiste in die Wes-Kaap uit die argitektoniese en argeologiese dissiplines, soos afgelei kan word uit die ledelys van die Genootskap vir Professionele Erfenispraktisyns (APHP 2012) en hulle volg die riglyne van die WKPR. Die verwantskap tussen ekologie en natuurbewaring aan die een kant en geskiedenisnavorsing aan die ander kant behoort ondersoek te word. Ongeag die volledigheid al dan nie van Tokai se verlede, blyk dit tog dat goedkeuring vir ontwikkeling minder ingewikkeld raak wanneer die erfenisverslag betreklik eenvoudig of beperk is. Naudé (2000:53) het op grond van bewese ervaring gepleit dat die geskiedenisnavorsing liefs aan geskiedkundiges oorgelaat moet word, maar weens die redes wat hier genoem is, vind dit gewoonlik nie in die praktyk plaas nie.

Figuur 5. Hierdie kaart van die Tokaiwerf en omliggende terrein, soos in 1893, toon in vergelyking met die ouer kaarte hoe die terrein verander het om by verskillende soorte

grondbenutting aan te pas. Onlangse beplanningsdokumentasie vir die ontwikkeling van die terrein is hoofsaaklik op verouderde sekondêre bronne gebaseer en nie op deeglike argivale navorsing nie. Dit het veroorsaak dat erfenis uit die prekoloniale tyd en uit die landbou- en bosboufases van Tokai onderbeklemtoon is. Die kartograaf het die plaas reeds in September 1883 besoek en sy 1893-kaart gee dus meer inligting as die 1885-kaart.[7]

4. Geskiedkundiges se betrokkenheid al dan nie in die Wes-Kaapse erfenisstudies

Erfenisstudies van die Wes-Kaap wat voor 1994 gepubliseer is, is spesifiek en oorwegend eksklusief, tensy sosiale kwessies soos die slawe, die kleurlingarbeiders en ander agtergeblewe groeperinge se deelname aan die verlede en die kulturele nalatenskap doelbewus erken en ingesluit is. Die gevaar bestaan dat, weens die skrapsheid van maklik beskikbare geskiedenis in hedendaagse erfenisimpakassessering, terloopse verwysing na die erfenis van mense van kleur ingesluit word bloot om die besluitnemende erfenisagentskappe ter wille te wees. In die geval van Tokaipark se ontwikkelingsplan is daar in die dokumentasie blote vermelding van bouwerk deur slawe (Fairbridge 1922:19; Van Rooyen 2015:204, 210). en dat die Tokailandskap "may have involved Khoisan herdsmen" (Thorold Architects 2011:16.) Om te toets of hierdie stellings korrek is, behoort onder meer argeologiese artikels en nadere bepalings van die Khoina se bewegings tussen 1652 en 1662 uit die Van Riebeeck-dagjoernale nagevors te word. ’n Ondersoek na die volhoubaarheid van die natuurlike omgewing vir die ondersteuning van voorkoloniale inwoners behoort ook gedoen te word. Die Wes-Kaap se visuele erfenishulpbronne verteenwoordig ’n era van wit nalatenskap, wat per definisie ander groepe uitsluit. Streeksgeskiedskrywing bied ’n moontlike uitkoms vir ’n meer inklusiewe benadering, omdat dié subdissipline die ontwikkeling van ’n gemeenskap op mikrovlak ontsluit (De Klerk 2009:1). Groepe wie se betrokkenheid en belange in die bestaande literatuur uitgesluit of afgeskeep word, soos die slawe, maak behoorlike historiese navorsing vir erfenisimpakassessering gebiedend noodsaaklik. Dit is byvoorbeeld in die geval van Tokaipark nodig dat die rekords van slawe in die WKPA geraadpleeg moet word om die geskiedskrywing se bydrae tot erfenisimpakassessering meer inklusief te maak.

Indien die beoordeling van die kulturele nalatenskap afhanklik word van onbewese bewerings, verloor die navorsing objektiwiteit. Dit is teenstrydig met die vereiste wat in artikel 5.1(d) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne gestel word dat "heritage resources management must guard against the use of heritage for sectarian purposes or political gain" (RSA 1999:16). In die beoordeling van die doel van gewels word byvoorbeeld baie klem gelê op gewels as simbole van wit grondeienaars se mag en status. ’n Geskiedenis-argitektoniese studie oor gewels toon dat dit om sosio-ekonomiese doeleindes ontwikkel het, wat vir die eienaars ’n vorm van aansien en beheer gegee het. Gewels het die gewone koloniste onderskei van die Kompanjie-amptenary, maar hulle terselfdertyd verhef bo mense wat nie in sulke huise gewoon het nie. Dit het ook hul oorheersing oor die slawe beklemtoon (Malan 2007:47). Hierdie siening is eensydig. Praktiese reëlings, soos invals- en uitvaltye, of noodseine vir brand of ’n aanval word nie geskiedkundig verreken nie. Die inhoud van inventarisse in argiefversamelings gee ’n meer akkurate beeld van die sosio-ekonomiese posisie van ’n plaaseienaar. Sulke argivale materiaal help om die fyner nuanses van betekenis

van die geskiedenis te bepaal en skakel die gevaar uit dat polities-korrekte vertolkings op grond van onvolledige geskiedenisdata gemaak word.

Geskiedkundiges dra self ook skuld aan hul marginale posisie in erfenisassessering. Naudé se siening in 2000 is nie onmiddellik deur die akademiese groep landwyd omarm nie. ’n Gees van mismoedigheid het toe onder sommige individue geheers, weens ’n persepsie dat die vak besig was om sy plek en aansien in die geesteswetenskappe te verloor. In die plek daarvan kon erfenisstudies ’n uitkoms bied, maar dit kon nie werklik ’n onafhanklike wetenskap wees nie. Onder geskiedkundiges is geskiedenis steeds as ’n hoëre aktiwiteit van sistematiese navorsing beskou (Rasool 2000:4).

In 2004 het ’n wending gekom. Gewone mense en die kulturele nalatenskap wat sin en betekenis aan hul bestaan gee, het begin aandag kry (Visser 2004:17). Nuwe sosiale temas, soos toerisme en nuwe monumente uit die weerstandspolitiek het erfenisstudies betrek as deel van ’n sosiaal verantwoordbare verlede, byvoorbeeld by Robbeneiland (Rasool 2000:4–5, 21; Marschall 2008:3). Visser (2004:19) meen dat die geskiedskrywing van erfenis naas omgewings- en ekologiese geskiedenis, kulturele politiek, geslagsoriëntasie, mediese geskiedenis en ’n reeks nuwe onderwerpe sedert die laat 1990’s ingereken word. Die deelname van erfenisgeskiedskrywing in die praktyk van erfenisimpakassessering word nie hierby betrek nie en blyk as losstaande beskou te word.

Erfenisgeskiedenis word stelselmatig deur ekonomiese rigtingwysers afgegradeer. Snelle ontwikkeling sedert 2000 in Kaapstad en die Kaapse Skiereiland vereis ’n deeglike bewussyn van geskiedenis en kulturele merkers deur die kliënt, erfenispraktisyns en erfenisagentskappe. Indien die kulturele en geskiedenisbelang swaarder sou weeg as die potensiële ontwikkeling, kan dit die ontwikkeling en belegging vir die stad Kaapstad en die Wes-Kaap strem.

Die Melck-skuur se beplande ontwikkeling is ’n tekenende voorbeeld van waar die geskiedenis doelbewus geringer geag is ten einde ontwikkeling ter wille te wees. Die gebou se gradering het in die pad van die ontwikkeling gestaan en om dit te omseil, is die gebou afgegradeer (Ball 2013; Colyn 2015). Die VOC-era se geskiedenis en die belangrike bydrae van Duitse setlaars tot die ontwikkeling van Suid-Afrika is daarmee ’n gevoelige knou toegedien.

Die verwagting onder erfenisbewustes is dat die erfenisagentskap by magte is om die geskiedenismerkers binne konteks te plaas. Dit gebeur ongelukkig nie, omdat die EWK se komiteelede hoofsaaklik uit die bou- en argeologie-omgewing kom (Winter en Baumann 2005:1; UK 2015). Die leemte aan ’n geskiedenisonderbou kan daarom toegeskryf word aan die gehele besetting van die erfenisbestuursterrein deur niegeskiedkundiges. Op sigself skyn dit nie noodwendig verkeerd te wees nie, maar dan sou verwag word dat oorsig oor die toepassing van artikel 5.7 met betrekking tot die daarstelling van ’n geskiedenisverslag en die diepte van die argument na ’n gesaghebbende persoon, soos ’n erkende geskiedkundige, of die geskiedenisdepartement van ’n universiteit verwys behoort te word.

So ’n siening blyk onaanvaarbaar te wees vir Rasool (2000:4), wat meen dat geskiedkundiges dan die terrein van geskiedenis tot die akademiese terrein ten koste van openbare geskiedenis sal beperk. Hul kennis van die verlede is sosiale konstruksies beperk tot ’n spesifieke tyd en plek. Waarheid en werklikheid is nie absoluut nie. Professionele geskiedkundiges is na bewering nie toegerus om die kodes en konvensies van visuele geskiedenisse te lees nie.

Rasool se siening marginaliseer die geskiedkundige en tref as 't ware ’n simboliese onderskeid tussen akademiese navorsingsverslae en ’n basisverslag. Dit wil dus lyk of die basisverslag in die behoefte voorsien om die beskikbare gegewens van die verlede, gemeet aan die sigbare erfenis en ’n kronologiese tydlyn, byeen te bring. Die onderlinge siening tussen die kliënt, die erfenispraktisyns en -agentskappe staan in die praktyk van erfenisimpakstudies as 't ware teenoor die ernstige geskiedenisnavorser en sy metodiek. Die rekord van ’n erfenis of erfenishulpbron behoort tot erfenisimpakassessering, terwyl die geskiedenisverslag die gevolg van die geskiedenisnavorsing is. Hierdie teenstelling behoort nie te bestaan nie. ’n Basisverslag kan in wese nie ’n plaasvervanging vir ’n nagevorste en gedokumenteerde geskiedenisverslag wees nie, soos ook blyk uit die afwesigheid van ’n akkurate geskiedenisverslag vir Tokaipark. Basisverslae is hoogstens ’n rekord van erfenismerkers wat volgens ’n kronologiese tydlyn georganiseer is. Die kloof tussen ’n behoorlik nagevorste verlede en die finale basisverslag is nog nie sinvol oorbrug nie.

Die negering van kern akademiese studies, soos die werk van Sleigh en Appel in die geval van Tokaipark, dui op die dilemma van erfenispraktisyns met artikel 5.7(f). Dit is prakties nie haalbaar dat elke erfenisimpakassessering deur ’n akademiese studie voorafgegaan word nie. Die dilemma vererger weens die verlies van die kennisname, asook die raadpleging, van akademiese studies oor ’n bepaalde plek. Dit word bevestig deur die riglyne van die WKPR, wat ’n periodiese indeling aan erfenispraktisyns verskaf (Winter en Baumann 2005:11). Dit impliseer dat erfenispraktisyns nie noodwendig oor geskiedenisopleiding hoef te beskik nie, maar ook dat daar weinig ruimte vir geskiedkundiges is om binne die raamwerk van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne te funksioneer. ’n Kritiese beoordeling van die WKPR-riglyne is nog nie uitgevoer nie. Die lys van betrokkenes by die opstelling van die riglyndokument sluit nie ’n geskiedkundige in nie, maar oorwegend argeoloë (Winter en Baumann 2005:10).

Indien daar dus ’n besorgdheid onder geskiedkundiges bestaan dat erfenisimpakassessering weens ’n gebrek aan geskiedenisnavorsing in die Wes-Kaap gebreke toon, sou die WKPR-riglyne ’n goeie beginpunt wees. Voorts behoort daar deur die erfenisagentskappe leiding gegee te word oor die plek van geskiedenisnavorsing in basisverslae. Dit vereis die vermoë by die erfenisagentskappe om met die eerste oogopslag die gebruik van bronne te evalueer, vervolgens te verifieer deur steekproewe, en waar nodig te kritiseer. ’n Opgeleide geskiedkundige, verteenwoordigend van ’n toepaslike subdissipline, behoort minstens op ’n ad hoc-basis deel van so ’n paneel te wees. Bronnestudies in streeksgeskiedenis kan oor gegewe gebiede van groot hulp wees.

Figuur 6. Dwangarbeiders werk in die Tokaiplantasie, ca. 1896. Die riglyne in die Burrahandves en die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne beklemtoon dat alle belanghebbers wie se voorsate by ’n erfenisplek gewoon en gewerk het, se erfenis in erfenisbestuur verreken moet word. In die geval van Tokai is verdere navorsing oor die rol van die Khoina, slawe en arbeiders nodig ten einde reg te laat geskied aan alle belangegroepe se erfenis in hierdie omgewing.[8]

5. Gevolgtrekking

Geskiedenis as dissipline moet self bewys lewer of dit naas kontemporêre weerstandsgeskiedenis ’n bydrae tot erfenisstudie oor ’n breë periodiese spektrum kan lewer. Geskiedenisdepartemente aan akademiese instellings kan byvoorbeeld die afwesigheid van streeksgeskiedenisstudies aanspreek met die bepaling van nagraadse navorsingstemas. Skakeling tussen oorkoepelende beheerliggame van akademiese skole van geskiedenis, argeologie en argitektuur is van wesenlike belang.

Deur geskiedkundiges te verplig om op die toerismebedryf as ’n regstellende motief te fokus (Rasool 2000:4–5; Sheriff 2014:1–36), word die erfenisimpakassesseringsveld verskraal en verarm. Hierteen moet akademiese en ander belangegroepe waak. Ontwikkelingsprojekte na 1994 op persele van geskiedeniskundige en kulturele belang behoort op ’n omvattende geskiedenisverslag gebaseer te wees. Die transformasie van ’n nasionale of provinsiale erfenis na ’n museum benodig ’n stewige geskiedenisonderbou. Museums is meer as

toerismebesoekpunte; dit is openbare instansies, behoudend en visuele uitdrukking van (die) narratiewe: "they interpret history for the people" (Marschall 2008:5). ’n Verskraalde of verarmde verlede loop die gevaar om regstellende museums losstaande entiteite te maak. Terselfdertyd word nuwe verdelingslyne geskep wat strydig is met die nasionale gees van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne.

Die afwesigheid van ’n oorkoepelende navorsingsgenootskap met ’n stigtingsakte en ’n etiese werkskode wat geskiedkundiges op ’n mededingende vlak plaas met genote binne die geskiedenis-argeologie en argitektuur, is voelbaar. Op grond van die inhoudelike wat geskiedenis aanbied, behoort geskiedkundiges ’n voorsprong te hê. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis akkrediteer sedert 2014 kultuurgeskiedkundiges vir betrokkenheid by erfenisimpakassessering. Die twee geskiedenisvakverenigings, die Suider-Afrikaanse Historiese Vereniging en die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, het nog nie die nodigheid ingesien om professionele akkreditasie vir erfenisimpakassessering te ondersoek nie. In Australië kan individue met ’n geskiedenisgraad op tersiêre vlak as ’n professionele geskiedkundige by die Professional Historians Australia (voorheen Australian Council of Professional Associations) registreer. Akkreditasie is onderhewig aan die National Standard of Accreditation of Professional Historians in Australia en sluit verskeie vaardighede en dienste in, ook navorsing en erfenisstudies (Professional Historians Australia s.j.). Hierin is ’n moontlikheid vir betrokkenheid.

Deur terug te krabbel om waardevolle navorsingsveld te herwin, gaan Suid-Afrikaanse geskiedkundiges se benadering tot erfenishulpbronne die nalatenskap van die land dien. Dit is nie ’n kompetisie vir finansiële oorlewing of beheer nie, maar die geldigheid van ’n akademiese standaard wat op die spel is. Op sigself is geskiedenisnavorsing ’n erfenishulpbron, maar huidig word dit geringgeskat.

Bibliografie

Aikman, H., A. Malan en S. Winter. 2001. Porter Estate Development Framework heritage impact assessment: baseline study. Status quo-verslag vir die Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme in samewerking met MLH-argitekte en beplanners. Historiese ontwikkeling, Afdeling 4. Mei.

APHP (Association of Professional Heritage Practitioners). 2012. Beleidsdokument met historiese oorsig. Funksie, akkreditering en lidmaatskap e.a. http://www.aphp.org.za (4 Junie 2015 geraadpleeg).

Appel, A. 1966. Die geskiedenis van houtvoorsiening aan die Kaap, 1652–1795. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit Stellenbosch.

Australia ICOMOS. 2013. The Burra Charter: The Australia ICOMOS charter for places of cultural significance. Burwood.

Ball, J. 2013. The significance of Martin Melck House, the Evangelical Lutheran Church and Saxon House. *The Heritage Portal*, 5 April. http://www.heritageportal.co.za/article/significance-martin-melck-house-evangelical-lutheran-church-saxon-house (8 Julie 2015 geraadpleeg).

Bluegreen Planning en Genote. 2011. Tokai Manor precinct baseline report. November. Kaapstad: TNP.

—. 2012. Tokai Manor precinct plan. Augustus. Kaapstad: TNP.

Böeseken, A.J. 1964. *Simon van der Stel en sy kinders.* Kaapstad: Nasou Bpk.

Brommer, A.B. (red.). 2009. *Grote atlas van de Verenigde Oost-Indische Compagnie*, Deel V: Afrika. Met medewerking van J.L. Hattingh, D. Sleigh en H. Zielstra. Nationaal Archief in samewerking met die Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Utrecht. Voorburg: Asia Maior.

Cape Argus, The.1883. Tokailandgoed, tenderuitnodiging, Dl. XXVIII, 52149, 1, 27 Februarie.

Coetzer, N. 2007. A common heritage / an appropriated history. The Cape Dutch Preservation and Revival Movement as national and empire builder. *South African Journal for Art History*, 22(2):150–79.

Colyn, G. 2015. Graanskuur skielik afgegradeer. *Die Burger*, 6 Julie.

Dane, P. 1981. *The great houses of Constantia.* Kaapstad: Don Nelson.

De Klerk, P. 2009. Streeksgeskiedskrywing en koloniale verhoudinge: Die Wes-Kaapse platteland en die Karoo. *New Contree*, 58:1–35. https://dspace.nwu.ac.za/handle/10394/5233 (26 Junie 2015 geraadpleeg).

DRDLR (Department of Rural Development and Land Reform). 1961. Historiese Monumentekommissie, Tokaiherehuis, Proklamasie 1743/1961, Februarie en Maart.

Fairbridge, D. 1922. *Historic houses of South Africa*. Londen: Humphrey Milford Oxford University Press. Elektroniese kopie. https://archive.org/download/cu31924014905834/cu31924014905834.pdf (8 Augustus 2014 geraadpleeg).

Hamilton, E.S. 1800. *Muizenberg from Tokai*. Waterverfskildery. Digitale kopie, MA 1943-833.jpg. Johannesburg: Museum Afrika.

Lenta, M. en B. le Cordeur (reds.). 1999. *The Cape diaries of Lady Anne Barnard.* Van Riebeeck-vereniging, Tweede reeks, 2, 30. Kaapstad: Van Riebeeck-vereniging.

Lister, G. 1960. *The reminiscenses of Georgina Lister*. Outobiografie postuum voltooi deur M.H. Lister. Johannesburg: Africana-museum.

Malan, A. 2007. Building lives at the Cape in the early VOC period. *Kronos: Journal of Cape History*, 33:45–71.

Marschall, S. 2008. Recording the past: Monuments and architectural heritage in post-apartheid South Africa. Referaat. Respenser les limites: l'architecture à travers l'espace, le temps et les disciplines Institut national; d'histoire de Part (INHA), Parys, 3 November. http://inha.revues.org/1691 (15 Julie 2015 geraadpleeg).

Mauve, H. s.j. *Under the elephant's eye. A short history of Tokai*. Gemeenskapsprojek. Kaapstad: National Commercial Printers.

McIntosh, F. 2006. *Cape floral region protected areas. World heritage sites of South Africa.* In medewerking met Cape Nature. Kaapstad: South Publishers Bpk.

Naudé, M. 2000. Cultural heritage and the environmental impact assessment process. *The National Cultural History Museum*, 18:38–57.

Professional Historians Australia, South Australia. s.j. Indeks: Vaardighede en vakkundigheid. www.sahistorians.org.au/register/index.shtml (14 Mei 2015, 26 Oktober 2016 geraadpleeg).

Rasool, C. 2000. The rise of heritage and the reconstruction of history in South Africa. *Kronos, Journal of Cape History*, 26:1–21.

RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1999. Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, 406(19974), Wet 25 van 1999, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Kaapstad, 28 April.

Sanparke. 2009. Tokai and Cecilia Management Framework 2005–2025. Mei. http://www.sanparks.co.za/docs/parks_table_mountain/library/2009/final_tokai_cecilia_MF_report.pdf (20 November 2013 geraadpleeg).

Schutte, G.J. (red.). 1982. *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr oor Kaapse sake, 1778–92.* Van Riebeeck-vereniging, Tweede Reeks, 13. Kaapstad: Van Riebeeck-vereniging.

Sheriff, A. 2014. Symbolic restitution: Post-Apartheid changes to the South African Post-Apartheid heritage sector, 1994-2012. *Electronic Journal of Africana Bibliography*, 16:1–36. http://ir.uiowa.edu/ejab/vol16/iss1/1 (11 Julie 2015 geraadpleeg).

Sleigh, D. 2004. *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder VOC-bestuur 1652–1795.* Tweede druk. Pretoria: Protea.

TANAP (Towards a New Age of Partnership). Resolusies van die Politieke Raad 1652–1795. 1791. C179, 20 November en C197, 1 Desember. databases.tanap.net/cgh/ (20 November 2013 geraadpleeg).

Thom, H.B. (red.). 1959. *Journal of Jan van Riebeeck, 1659–1662*, deel 3. Van Riebeeck-vereniging, Gedenkuitgawe. Kaapstad: Balkema.

Thorold Architects bk. 2011. Tokai Manor precinct plan, Fase 1, voorlopige erfenisoorsig. Kaapstad: Sanparke (TNP). November.

UK (Universiteit van Kaapstad). 2015. Critical issues in Heritage Studies. Kursus. http://www.africanstudies.uct.ac.za/cas/academic/postgrad/axl5203s (11 Junie 2015 geraadpleeg).

Van Rooyen, A.H.J. 2015. Die geskiedenis van Tokai-park, 1792–1910, as rekord vir ’n bewaringstrategie. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Noordwes-Universiteit.

Van Zyl, D.J. 1973. Die geskiedenis van wynbou en wynhandel in die Kaapkolonie, 1795–1860's. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Visser, W. 2004. Trends in South African historiography and the present state of history research. Referaat. Nordiese Afrika-instituut, Uppsala, Swede, 23 September. http://www.academia.edu/2874752/trends_in_south_african_Historiography_and_the_present_state_of_Historical_research(15 Mei 2015 geraadpleeg).

Volksblad, Het. 1883.Tokailandgoed, advertensie van openbare veiling, Deel XXVIII, 3961, 1. Kaapstad, 3 Maart.

Winter, S. en N. Baumann. 2005. Guidelines for involving heritage specialists in EIA processes. WNNR-verslag ENV-S-C-2005. Eerste uitgawe. Kaapstad: Wes-Kaapse Provinsiale Regering, Departement van Omgewingsake en Beplanning. http://asapa.co.za/wp-content/uploads/2016/06/4_deadp_heritage_guideline_june05.pdf (18 Mei 2015 geraadpleeg).

WKPA (Wes-Kaapse Provinsiale Argief, Kaapstad). 1811–1823. Wine Taster-argief (WT). 1849. MOIB2/891 verw. 41. Master of the High Court. P.M. Eksteen, gemeenskaplike boedel met wyle H.A. Cloete, 30 Oktober 1836. Insolvente inventaris, 29 Januarie.

—. 1850. MOIB2/891 verw. 41. Master of the High Court. Inventaris, P.M. Eksteen, gemeenskaplike boedel met wyle H.A. Cloete, 30 Oktober 1836. Vendusierol, 22 November.

—. 1883a. PWD 21/370 verw. 391. Public Works. Brief Opsigter Tokai − Inspekteur, 11 Mei.

—. 1883b. PWD 2/272 verw. 316. Public Works. Briewe Superintendent Bosbou − Kommissaris Openbare Werk, aangeheg Superintendent Plantasies − Superintendent Bosbou, Kwekeryperseel, 13 Julie en 22 Junie.

—. 1883c. PWD 2/272 verw. 316. Public Works. Ingebinde kaart, Tokailandgoed en omgewing met afgemerkte kwekery deur Graaf M. de R. de Vasselot, September.

—. 1883d. PWD 1/427 ongeorden. Public Works. Tokailandgoed, tenderooreenkoms, ca Maart.

—. 1885. CCP1/2/1/68 Government Publications. Verslag van die Hoofbosbewaarder, Westelike Divisie, Departement van Bosbou, Blouboekreeks G34,1886.

—. 1889. PWD1/2/197 verw. B178. Sekretaris van Openbare Werke. Kennisgewing van tenderuitgif vir Porterskool, 9 April.

—. 1890. CO1964 verw. 233. Colonial Office. Kennisgewing 12, Opening Porterskool, Tokai, 16 Augustus.

Eindnotas

[1] Die Burrahandves is in 1979 by Burra, ’n myndorpie in Suid-Australië, aanvaar deur die Australiese afdeling van ICOMOS, die internasionale komitee oor monumente en terreine. Klein wysigings daaraan is in 1981 en 1988 aangebring. In 1999 is die handves grondig hersien. Die nuutste weergawe is in Oktober 2013 aanvaar.

[2] Bron: Berta van Rooyen-fotoversameling

[3] Die Porterskool is in 1880 met ’n nalatenskap van die prokureur-generaal en filantroop William Porter te Valkenburg gestig as ’n rehabilitasieskool vir veroordeelde jeugdiges. Tokailandgoed is in 1883 as ’n instituut vir herstellende geestesgestremde pasiënte aangekoop. ’n Uitruiling van die twee persele het in 1889 plaasgevind (Mauve s.j.:13–4). ’n Nuwe kompleks is op Tokai gebou (WKPA 1889; WKPA 1890).

[4] Bron: Tokaipark, Tafelberg Nasionale Park, Sanparke (met toestemming). Pogings om die kunstenaar vas te stel en die eienaar(s) van die skets op te spoor, was tot dusver onsuksesvol. Die skets is in November 2015 tydens ’n ope dag deur ’n derde party aan Tokaipark gegee. Die letters GS of GAS en die getal 50 kom in die boomtak links bo voor.

[5] Bron: Wes-Kaapse Provinsiale Argief (met toestemming), WKPA, PWD 2/272 verw. 316, Public Works, ingebinde kaart, Tokailandgoed en omgewing met afgemerkte kwekery deur graaf M. de R. de Vasselot, September 1883.

[6] Bron: WKPA (met toestemming), ACLT 451 verw. 7013, Agriculture and Land, Kaart, Tokailandgoed deur E.A. Melvill, November 1885. (Aanhangsel by aansoek van die monumentsverklaring van Tokaiwoning, 28 Oktober 1960.)

[7] Bron: WKPA (met toestemming), AGR 1 verw. F2, Agriculture and Mines, Kaart, Tokai deur D.E. Hutchins, 27 September 1893, Grondverdeling tussen Bosbou en Porterskool.

[8] Bron: WKPA (met toestemming), DrJ374, Foto, Tokaiplantasie, Dwangarbeiders. 1896.